Veenwouden 1727

Van der Walt-Familiebond

Inligtingsblad van die Van der Walt-Familiebond

Redakteur:

Dries van der Walt
Tel. (018) 294-5492
Faks: dieselde nommer - vra vir 'n fakslyn
E-posadres:
ajvdw@intekom.co.za

Posbus 20522
2522 NOORDBRUG
Potchefstroom

inhoud

1. Redaksioneel.....1
2. Prestasies.....2
3. Ernst van der Walt....2
4. Hannes van der Walt 2
5. Petrusville.....3
6. Oom Sarel Kwêkwê...4
7. Weer die sabel.....5
8. Bewaar ons erfenis...5
9. Eerste plaas.....6
10. Oom HB skryf.....7
11. Gert Louis.....7
12. Tjaart Bulberg 8
13. Tjaart se plaas.....8
14. Friese reünie 8

Nuusbrief

van die

Van der Walt-Familiebond

Jaargang 14 nr. 1, Maart 1998

Redaksioneel

Na 'n lang reses sedert ons vorige Nuusbrief, het dit tyd geword vir die eerste uitgawe van 1998. Ons vorige Nuusbrief het in November 1997 verskyn. In hierdie uitgawe 'n verskeidenheid berigte en interessante sake en ons plaas 'n paar foto's wat onlangs deur die redakteur geneem is. Dit sal die onlangse navorsingstoer van die redakteur toelig, en terselfdertyd ook enkele stories oor die toer weergee.

Ons het verder ook nuus oor die vordering met ons geslagsregister. Dit sal weer soos die vorige register uit twee dele bestaan: 'n historiese oorsig sal vooraf die verblyfplekke van ons voorouers in oënskou neem, en daarmee saam 'n breë oorsig oor die algemene historiese agtergrond van die tyd waarin hulle geleef en gewerk het. Tweedens sal die geslagsregister die belangrike genealogie van die familie Van der Walt bevat - dit is die bygewerkte gegewens.

Ons wens ons ondervoorsitter geluk met sy verkiesing as voorsitter van OVSA, en ook dr. Ernst van der Walt, leraar van die NG Kerk Rondebosch, met die belangrike toekenning vir sy bydrae as voorsitter van ECI. Ons vertel ook oor 'n Van der Walt-museum wat deur dr. Ernst se onbaatsugtige hulp en ondersteuning ingerig is, 'n museum wat pragtige voorbeelde uit ons verlede huisves.

Ons berig ook oor die aanwysing van 'n afgevaardigde van die Van der Walt-Familiebond na 'n wêreldwye reünie van Friese afstammelinge in Friesland in die jaar 2000. Ons verwys weer na die plaas van kommandant Tjaart naby Uniondale en die warmbron daar naby. Ons het ook hieroor in ons vorige Nuusbrief geskryf.

Die beroep op ons lede om aktief deel te neem aan ons beriggewing en die versoek om vir ons Nuusbrief te skryf,

word weer dringend herhaal. Dit is belangrik om van ons lede te hoor; hulle is immers die mense wat oor uiters interessante inligting beskik, maar as dit nie deurgegee word nie, gaan dit verlore.
Redakteur

PRESTASIES

Van tyd tot tyd plaas ons beriggies oor ons vangenote wat prestasies van algemene en nasionale belang lewer. Ons wil graag ons lesers aanspoor om sodanige berigte aan ons te stuur, want behalwe vir dié wat ons in die dagblaaie en kerkblaaie raakloop, wil ons graag oor 'n wyer spektrum hulde bring aan ons familielede, want hulle hou ons naam hoog. In die onlangse verlede het net twee berigte in hierdie verband die lessenaar van die redakteur bereik.

Ernst van der Walt

Diegene wat ons stamregister van 1989 besit, sal weet dat dr Ernst een van die samestellers daarvan was. Hy het hom veral met die navorsing oor die geskiedenis van ons voorouers onderskei, en was verantwoordelik vir die geskiedenisgedeelte van die Van der Walt-stamregister.

In die Algemene Kerkbode van 13/14 Februarie 1998 het daar 'n pragtige huldeblyk uit Madras, Indië, oor dr Ernst verskyn. Hy is naamlik vereer met die Moeder Teresa-toekenning vir sy reusebydrae as voorsitter van die Evangelical Church of India Trust in South Africa (ECI).
Die toekenning is deur die hoofminister van die provinsie Tamil-Nadu in die suide van Indië, aan dr Ernst gedoen. Dr Ernst het in sy reaksie op die toekenning gesê dat dit vir hom 'n eer is om dit namens alle Suid-Afrikaanse medewerkers te ontvang. Daar is talle Suid-Afrikaners, oorsee en in die buiteland, by die werk van ECI betrokke.
Die kerk is in die vyftigerjare in Indië gestig. In die tagtigerjare is besluit dat daar teen die jaar 2000 minstens duisend kerke in Indië moet wees. Die groei was so sterk dat die 999ste en die duisendste kerkgebou in Januarie 1998 in gebruik geneem is. Daar was ongeveer tienduisend mense by die tweedaagse feesvieringe; op een dag is daar tweeduisend bekeerlinge in 'n swembad gedoop!
Dr Ernst vertel dat die apostel Thomas Indië in die eerste eeu van ons jaartelling besoek het en die Evangelie in die suide van dié land verkondig het. Gevolglik woon die meeste Christene van Indië in die suide van die land. Daar is sewentienduisend sendelinge in Indië en baie van hulle word gereeld na die noorde van die land gestuur.

Die bestuur en lede van die Van der Walt-Familiebond wens dr Ernst van harte geluk met sy prestasie en die toekenning wat aan hom gedoen is. Ons is trots op hom en die pragtige werk wat hy doen in belang van die uitbreiding van die Christendom. Ons bid hom en sy organisasie die seën van die Here toe - die pragtige groei waarvan in die berig getuig word, is sprekend van die seën wat op dié werk rus.
Dries

Hannes van der Walt

Dit kom my voor asof die Van der Walts oral waar hulle in uiteenlopende organi-

sasies diens verrig, as voorsitters optree! Ook die ondervoorsitter van die Van der Walt-Familiebond, nl. prof Hannes van der Walt, lewer in dié hoedanigheid 'n onbaatsugtige diens. Hy is naamlik onlangs vir die derde agtereenvolgende termyn as voorsitter herkies van die Opvoedkunde-vereniging van Suid-Afrika (OVSA). As dit darem nie sprekend is van sy buitegewone en vele talente nie...! Prof Hannes het by die geleentheid van sy herkiesing gesê dat lidmaatskap van OVSA uitgebou word om verteenwoordigend van alle opvoedkundiges in Suid-Afrika te wees.

Prof Hannes van der Walt

Die byeenkoms van OVSA is onlangs op Wellington en Stellenbosch gehou waar prof Hannes vir die derde agtereenvolgende keer as voorsitter verkies is. Hy is ook etlike jare al, van 'n jeugdige ouderdom af, hoogleraar aan die PU vir CHO, en dien tans weer as dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde. Hannes bly egter steeds die beskeie mens soos ons hom ken. Vir Potchefstromers is dit al 'n bekende gesig om hom met sy fiets te sien ry kantoor toe en terug - ongeag die weersomstandighede. Hannes is nie net 'n belangrike rolspeler in die nasionale opvoedkundige sfeer nie, hy dien ook op plaaslike vlak in verskeie organisasies wat met die opvoedkunde te doen het en dien sodoende die gemeenskap waarbinne hy woon. Hy kom juis vandag (27.3.98 toe dié berig geskryf is) terug van Suid-Korea waar hy ook vir 'n geruime tyd gasdosent was en aan ander internasionale opvoedkundige aksies deelgeneem het.

Die bestuur en lede wens prof Hannes geluk met sy verkiesing en bid hom ook die seën van die Here toe met sy belangrike werk as opvoeder van formaat - nasionaal sowel as op internasionale vlak.

Dries

PETRUSVILLE

'n Aangename verrassing het op ons gewag tydens ons onlangse navorsingstoer met ons aankoms op die klein Noord-Kaapse dorpie Petrusville. Oral waar ons met inwoners van hierdie dorpie gepraat het, was hulle uiters vriendelik en baie hulpvaardig. Later het ons by Johan van der Walt, vennoot in 'n slagtery en boer van die plaas Doornfontein, uitgekom. By hom het ons onder andere verneem dat dr Ernst van der Walt 'n vakansiehuis op die dorp het, en dat hy Petrusville gereeld besoek.

'n Dame van 'n plaaslike winkel het oral gebel om uit te vind waar die sleutel van die museum is sodat ons daar kan besoek aflê. Die dominee wat gewoonlik die sleutel hou, was elders vir 'n vergadering. Nadat die museum oopgesluit is, het ons met groot afwagting ingestap.

En wat was ons verbasing groot om so 'n goed ingerigte museum daar raak te loop. Dit huisves die geskiedenis van die dorp, maar omdat die Van der Walts so 'n belangrike rol in dié geskiedenis gespeel het, beklee dié familie 'n ewe belangrike plek in die museum. Daar is pragtige voorbeelde van die kleredrag van vervloë se dae; 'n groot skat van foto's hang teen die mure; vertrekke is ingerig soos dit in die vorige eeu daar uitgesien het.

Daar is ook 'n glaskas met artikels wat deur dr Ernst in bruikleen aan die museum voorsien is, terwyl daar ook twee geskrewe stukke van sy deurtastende kultuurhistoriese navorsing uitgestal word. Ons moet werklik die Petrusvillers van harte gelukwens met so 'n pragtige bewys van die bewaring van hulle erfenis. Dit kan vir ons almal as voorbeeld en aansporing dien.

Ons het nie tydens ons besoek daarin geslaag om meer agtergrondbesonderhede van die museum te bekom nie, maar ons hoop om dit nog te doen. Ons probeer tans om 'n kopie van die eeufeesboek van die NG Kerk aldaar te verkry. Dit sal hopelik ook lig werp op ander sake in verband met hierdie stuk geskiedenis van ons familie. As ons daarin slaag, sal ons later weer aan ons lede hieroor berig. Elders in hierdie uitgawe word al die Van der Walts aangespoor om deel te neem aan 'n huldeblyk wat ons beoog vir dié seun van die stamvader, die baie bekende figuur Johannes Petrus. Lees daaroor in die volgende nuusbrief.

> Hoe lank sal 'n mens jou geskiedenis en voorgeslagte onthou sonder die sleutels van kleinherinneringe wat opgeteken is?

As ek die geslagsregister reg lees, kom dr Ernst uit dieselfde stam. Die agtste kind van Petrus Jacobus, naamlik Jacob Stephanus, is met Lasya Sophia Yzel getroud, dogter van Gabriel Ernst Yzel, en die naam Ernst het hier sy invoeging in die Van der Walts gehad. Dr Ernst se grootvader was Gabriël Ernst, terwyl sy vader Petrus Jacobus was. Dr Ernst het dus blykbaar 'n samevoeging van sy vader en sy grootvader se name, naamlik Ernst Jacobus.

Daar woon nog steeds vangenote op die dorp sowel as op plase in die distrik, maar hulle geledere is ook nou al baie uitgedun. Ons het met Johan van der Walt van die plaas Doornfontein gepraat. Hy is baie entoesiasties oor die familiesake en sal probeer om vir ons nog lede in die distrik te werf. Hy het ons baie vriendelik ontvang en een en ander vertel oor die dorp en sy geskiedenis. Daar woon ook 'n bejaarde tant Lettie van der Walt op die dorp, maar die tyd het ons nie toegelaat om ook by haar aan te doen nie. Ons het egter alreeds aan haar geskryf - ook aan Japie van der Walt van die plaas Kalkpoort in die distrik.

Dries

Oom Sarel Kwêkwê

In die verre Zimbabwe het die Familiebond 'n medewerker wat vir baie jare reeds die belange van die Van der Walts op die hart dra. Hy was een van ons pionier-navorsers en het nog nooit opgehou om die erfenis van die Van der Walts te vertroetel nie. Hy het in die verlede gereeld van hom laat hoor - altyd met interessante beriggies of ander stories oor die vangenote.

So het ons pas weer van hom verneem. Hy het aan ons 'n knipsel uit 'n tydskrif of dagblad gestuur met 'n resensie van 'n boek. Die outeur van die boek is die sewe-

en-tagtigjarige Hannie Maritz en suster van Oom Sarel. Sy het gedebuteer met 'n bundel vertellings getitel: *Tien blou krale en drie lemoene: Kinderjare op Nauhoho,* uitgegee deur Human en Rousseau teen die prys van R34.95.

Die resensent beskryf die boek as vertellings wat verdien om wyd gelees te word. Oom Sarel is kennelik baie trots op hierdie suster van hom wat so 'n pragtige bundel die lig laat sien het. Dit handel oor hulle verblyf as pioniers in die suide van Zimbabwe, die ou Rhodesië, en beskryf die lewe van twee gesinne van 'n klein plaasgemeenskappie wat heeltemal op mekaar aangewese was vir hulle voortbestaan. Die vertellings sentreer rondom die twee gesinne waarvan die moeders susters is, dus albei susters van Oom Sarel - hy word self vanjaar al 83 jaar oud.

Ons lesers kan gerus die boek by enige goeie boekwinkel aanskaf en lees van die wedervarings van ons stamgenote in die verre Zimbabwe. Soos baie van ons voorvaders wat pioniers in baie opsigte was, was ook hierdie gesinne, insluitende dié van Oom Sarel Kwêkwê, soos hy onder sy vriende in Suid-Afrika bekendstaan.



weer die sabel van die stamvader

In die opgaafrolle van 1756, dit wil sê kort voor sy dood, word in die Nasionale Argief in Kaapstad onder andere 'n sabel van ons stamvader as deel van sy besittings aangegee. Hopelik het ons nou hierdie sabel opgespoor.

Mev H Kruger van Bloemfontein het onlangs met die sekretaris in verbinding getree in verband met die sabel. Sy skryf dat haar oumagrootjie, Hester Sophia Helena Strydom, 'n afstammeling van kommandant Tjaart van der Walt, die sabel in haar besit gehad het. Die kommandant het dit van sy vader geërf en na hom is dit na sy jongste seun by sy eerste vrou, Tjaart Jacobus.

Gedurende die simboliese Ossewatrek van 1938 het mev Strydom dit aan 'n susterskind, Nicolaas Tjaart Klopper, 'n prokureur, geleen vir 'n spesifieke uitstalling op Thaba Nchu. Lesers sal onthou dat ons vroeër ook hieroor in die nuusbrief geskryf het. Na die Ossewatrek het die sabel nooit weer by sy eienares uitgekom nie. Later het mev Kruger toevallig op die sabel afgekom waar dit in die Nasionale Museum in Bloemfontein uitgestal is. By latere navraag was dit nie meer uitgestal nie, maar 'n beskrywing daarvan is aan haar oorhandig. Dié beskrywing het sy steeds in haar besit.

Nou het mev Kruger die sekretaris versoek om die sabel terug te kry en dit in die museum op Grootfontein uit te stal. Kontak is met die museum opgeneem en hulle reaksie word nou afgewag. Sal dit nie wonderlik wees om so 'n kosbare kleinood uit ons verlede te kan opspoor en dit in ons museum op Grootfontein te kan uitstal nie!

bewaar ons erfenis

Die redakteur het 'n baie vrugbare navorsingstoer onderneem. Daar is so baie interessante gegewens opgespoor dat dit sommer net uitborrel in gesprekke. Ons

het al gewonder wat dink ander mense wat my hoor praat oor die toer en die stories borrel so uit! Maar dis nogal moeilik om so baie dinge te absorbeer en dit binne te hou.

Aangesien die meeste van die materiaal wat ingesamel is, vir die bygewerkte geslagsregister bedoel is, sal ons nie te veel daarvan hier uit die mou laat nie. Maar om tog die nuuskierigheid so bietjie te prikkel gaan ons enkele gedeeltetjies in hierdie en die volgende uitgawes van die nuusbrief plaas.

Ons sal dit later in 'n bylaag invoeg, en ook enkele foto's daarin reproduseer - weliswaar net in swart-en-wit.

Die woning van Johan Cloete op die plaas Uitkyk
Foto: Dries van der Walt

Die stamvader se eerste plaas

Dit was onder andere ook ons voorreg om by die plaas Uijtkijk, eerste plaas wat in die naam van die stamvader toegeken is, aan te doen. Die huidige bewoners van die plaas is mnre Johan en sy broer Nilo Cloete. Die een boer met stamboekdorperskape en ander met merinowolskape. Hulle vader, mnr Klaas Cloete, het onlangs afgetree en woon nou op die dorp Sutherland.

Die gasvryheid en vriendelikheid wat ons van hierdie inwoners van die Roggeveld ervaar het, is van die beste wat in ons land gekry kan word.

Die plaas is met die uitsondering van 'n stukkie van sowat 25 morg, steeds die

Die foto wat hierbo afgedruk word, is van 'n klipfondament op Uitkyk wat vermoedelik die fondasie van Geele Andries se woning kon wees. Daar sal egter opgrawings gedoen moet word om dit bevestig te kry. Tydens die toer was daar nie genoeg tyd om dit te onderneem of nader ondersoek in te stel nie. Die reghoekige aaneen-vertrekke is duidelik sigbaar.
Foto: Dries van der Walt

oorspronklike grootte soos die Cloetes se voorouers dit in 1838 betrek het - danksy die feit dat mnr Klaas Cloete die gedeelte wat sy broer geërf het, weer teruggekoop het.

Uitkyk was die eerste plaas wat in die Roggeveld aan boere toegeken is naamlik op 15.11.1746. Die volgende toekenning was die plaas Vogelfontein op 19.11.1746 aan ene Pieter Ernst Kruger. Ons stamvader en dié Kruger was waarskynlik tegelykertyd in die Kaap om hulle plase te registreer; hulle het moontlik ook die lang tog saam aangepak.

Op 31.12.1838 is die plaas Uitkyk aan Jan Abraham du Plessis toegeken. Toe was die plaas 3373

(vervolg op p. 8)

Oom HB Skryf:

Na 'n lang stilswye, skryf oom HB van der Walt, ons vorige penningmeester, dat hy tans besig is om die genealogie van sy familie by te werk. Daar is nog steeds 'n besondere voorliefde vir familiesake by oom HB teenwoordig! Hy het ook bietjie wyse raad vir diegene wat dieselfde taak wil aanpak: oorweeg dit eers baie goed, want dit kan baie tyd in beslag neem.

Die familieregister waaraan oom HB werk, is dié van sy vader Gert Abraham en moeder Catharina Aletta Matthysen. Oom HB-hulle was elf kinders; so dit is inderdaad 'n groot werk om al die lede van die nageslag op te spoor en om die besondere inligting uit hulle te kry. Volgens hom tel die nageslag van 1903 tot 1998 alreeds sowat 156.

Baie sterkte aan om HB met die groot taak. Ons wat daarmee werk, weet dat dit nie sommer so 'n werkie is nie. Mens moet baie geduld hê, bereid wees om oor en oor aan die dieselfde familielede te skryf en hulle aan te spreek en baie noukeurig te werk gaan om die legkaart aan mekaar gelas te kry. Maar die werk is tog ook weer die moeite werd, want oom HB beklee 'n besondere plek in sy groter familieverband, en daarom is dit so belangrik dat hy aangespoor moet word om die werk af te handel. Geskiedenis wat nie opgeteken word nie, is geskiedenis wat verlore gaan.

Daar is egter ook nog 'n ander aspek aan die saak verbonde: oom HB sal ook aan die Familiebond 'n kopie van die voltooide werk moet voorsien, want soos elders berig, is ons tans besig om die stamregister wat in 1989 gepubliseer is, by te werk. Lees ook die berig oor die werk wat Christie van der Walt van Bethal tans in hierdie verband doen in ons volgende uitgawe, en hoekom dit die dringendheid van die werk wat oom HB en andere doen, beklemtoon. Ook die navorsingsprojek waarmee die Sekretaris tans besig is, sal baie interessante feite in verband met die familiegeskiedenis oplewer wat hierby sal inskakel. Lees ook hieroor elders in hierdie uitgawe van die Nuusbrief. Baie sterkte, oom HB, en sëen en goeie gesondheid toegebid vir u en u eggenote.

Dries

GERT LOUIS

Jansie van der Walt van Pretoria en Anna Venter van Bloemfontein sal bly wees om te weet dat ons tydens ons onlangse rondreis ook besoek op die plaas Schilderkranz in die distrik van die Suurberg naby Steynsburg afgelê het. Dis die plaas waar Gert Louis van der Walt van 1835 volgens ons geslagsregister begrawe is.

Die teleurstelling was egter groot: Ons kon geen grafte daar opspoor nie. Daar woon nou 'n mnr Jef Milner. Dit was egter 'n baie aangename ervaring om op die plaas te kon rondstap. Dit was nogal 'n moeilike soektog om dit op te spoor, maar uiteindelik het ons daar aangekom. Niemand weet van 'n ou begrafplaas op die plaas nie.

Die naam van die plaas kon ook nie verklaar word nie. Ons het wel op pad na die opstal 'n pragtige rotsformasie teegekom wat moontlik aanleiding tot die naam kon gee. Ons plaas hiernaas 'n foto van die naamplaat voor die opstal: 'n Handploeg op 'n rots gemonteer en die naam "Skilderkrans' daaraan.

(vervolg van p. 6)
morge groot, en nadat die 25 morge wat hierbo genoem is, op 24.8.1954 afgesny is, is die oorspronklike plaas vandag nog steeds 3348 morge groot. In 1929 is die plaas oorgedra aan die dogter van 'n Du Plessis, naamlik Christina Gertruida Cloete, 'n weduwee. Op hierdie wyse het dit oorgegaan aan die Cloetes wat dit vandag nog besit.

Dit is interessant om te weet dat die twee broers Johan en Nilo op die plaas Uitkyk boer, en dat hulle ouer broer Jan weer op die plaas Kruysrivier boer. Weiregte op laasgenoemde plaas is op 25.9.1751 ook aan Geele Andries van der Walt toegeken.

Ons het die verloop van Uitkyk breedvoerig beskryf omdat dit die eerste vaste woonplek van ons stamvader was. Hier is al agt hulle kinders gebore en hier het hulle ook hulle eerste skoollesse gehad en hulle opvoeding ontvang. Nadat die meeste van hulle in die sewentigerjare van die agtiende eeu uit die Roggeveld weggetrek het, het net die een suster, Renske Olivier en sommige van haar kinders daar agter gebly. Later het sy as weduwee permanent na die Bokkeveld getrek, dit wil sê in 'n westelike rigting van die Roggeveld af.

Ons sal mettertyd nog beriggies hieroor aan ons lesers deurgee - ons wil nie alles meteens verklap nie.

Dries

Tjaart "Bulberg"

Herman van der Walt van Potchefstroom skryf dat sy oupagrootjie bekend gestaan het as "Tjaart Bulberg". Hy was glo die enigste boer in die Vrystaat wat 'n kanon voor sy plaasopstal gehad het.

Die oupagrootjie na wie ons verwys is: Tjaart Johannes, gebore Rondefontein, dist Fauresmith ongeveer 1860 en oorlede op 15.12.1901 in die Kamp te Norvalspont. Sy genealogiese verwysings is: b4c16d7e1, dus die vyfde geslag van die stamvader af en agterkleinseun van kommandant Tjaart.

Weet iemand miskien iets van hierdie Tjaart? Ons wil baie graag die verbintenis probeer soek, en sal lesers se hulp verwelkom. Miskien weet iemand van die baie unieke gebruikmaak van 'n kanon? Laat asseblief weet.

Tjaart se plaas

Kommandant Tjaart se plaas wat in 1802 deur die goewerneur aan sy weduwee geskenk is, bestaan nie meer nie! Dit was 'n groot teleurstelling tydens ons onlangse reis. Dokumente wat ons in die Akteskantoor verkry het, dui daarop dat plaasnommer 9 Uniondale-distrik van 1883 af in ontelbare stukkies versnipper is.

Ook die warmbron neffens sy plaas bestaan nie meer nie. Die bron het tot niet gegaan en daar is geen aanduiding van 'n aanloklikheid wat die toeriste van weleer geken en daarvoor geskryf het nie. Dit is nogal jammer. Toe die plaas op 9.10.1802 aan die weduwee toegeken is, het dit uit 2368 morge bestaan.

Friese reünie in 2000

Die bestuur het besluit om in die jaar 2000 'n afgevaardigde na Friesland te stuur vir die grootste reünie wat ooit gehou is van Friese afstammelinge vanoor die hele wêreld. Die feesverrigtinge duur van Mei tot September, en die elf stede en die 30 regsdistrikte (grietenijen) neem almal daaraan deel.

Hiervoor is natuurlik fondse nodig, en ons sal van nou tot in die jaar 2000 staat maak op ons lede om die nodige fondse te help bymekaar maak. Die besoek sal terselfdertyd ook 'n navorsingsbeen hê, en nie net feesviering nie!

Lede word nou al gevra om hulle beursies (en harte) vir die saak oop te maak. Saam met die nuusbrief kry u ook 'n vormpie wat u kan gebruik om vir die fonds by te dra.

Hartlike dank by voorbaat vir u volgehoue ondersteuning. Sonder u bystand is dit nie moontlik om al die aktiwiteite van die Familiebond sinvol uit te voer nie.